

SAWA Oos-Kaap



Liewe Sawanante

Tyd loop darem vinnig, en dit beteken die winter is om die draai, veral as Paasnaweek aanbreek.

Met die intrap wil ons die volgende punte dringend onder julle aandag bring:

Asseblief gee gehoor aan die stilte tye by kampe, ons moet die reëls van die oorde nakom. So as oorde sê geen musiek of honde nie, dan is dit nie eers onderhandelbaar nie. Die reëls van oorde sal saam met die kamp program deur gegee word.

PAASNAWEEK:

River Reed (Kirkwood)

Ons gaan Paasnaweek River Reeds by Kirkwood besoek vanaf 14 – 17 April. Hierdie jaar het ons vreeslik baie lede gekry wat al laat weet hul gaan saam. Ons gemiddeld van vorige Paasnaweke was maar 12 woonwaens en die jaar trek ons al by die 20. Met beperkte hoeveelhede staanplekke wat daar is doen ons rerig 'n dringende beroep op die wat gaan om baie naby mekaar te staan. Voertuie moet buite parkeer word tussen die boorde. Daar sal iemand wees wat sal help plek aanwys. Ons as bestuur vra dat jul asseblief sal help om seker te maak ALMAL pas in. Indien jul bymekaar wil

staan sal jul moet saam daar aankom. Daar is 'n heerlike lapa wat tot ons beskikking gestel is, daar sal 'n urn wees vir almal se gebruik, dit sal help met die krag. Koste beloop @ R 60.00 per persoon, nie skoolgaande kinders betaal nie.



Gebiedsaamtrek:

Keurbooms Lagoon

Ons jaarlikse gebiedsaamtrek vind plaas vanaf 27 April tot 1 Mei 2017. Koste beloop @ R 70.00 per persoon en kinders onder 12 R 35.00. Oos-Kaap gaan weer die jaar jaffels maak so bring asseblief jou gas stofie en pan saam! Dis mos altyd 'n lekker kuier in die tent. Laat weet asseblief so gou moontlik wie gaan saam.

Gamtoos Ferry 19 – 21 Mei 2017

En die tyd van die jaar is ons skool kinders vreeslik besig met winter sport. Koste vir Gamtoos het so bietjie verander, R 40.00 per woonwa per dag, R 40.00 per persoon van 8 jaar en op. en R 20.00 per voertuig vir naweek. **Ongelukkig is die oorde glad nie meer bereid om pryse te onderhandel nie.**

Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:

Ons kort asb. die nodige getalle om met die oorde te reël. Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig dat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord-kostes moet dra, slegs as ons minder lede is as wat bespreek is en die oord dit so vereis.

Noodhulp tydens saamtrekke:

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.

Wapad en Webwerf:

Stuur asb. u nuus/foto's vir Elzaan Le Roux vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting. Epos: leroux.elzaan@gmail.com

Baie van ons lede se kinders het ook mooi presteer en ons vra dat julle dit ook asb. sal aanstuur dat ons so vir hulle ook die nodige erkenning kan gee.

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u nog 'n harde kopie wil ontvang, moet u dadelik vir Elzaan laat weet.

Ledegeld:

U moet groot asseblief u ledegeld betyds in Nasionaal se bankrekening inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asb. die betrokke kampeiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooie van R120 is betaalbaar.

Ledegeld: Kontant = R330; Senior Burgers: Kontant = R320

Debietorders is R10 minder by elke groep. Agterstallige lede sal gekontak word om reëlings te tref vir betalings. Ledegeld word vanaf 1 Desember met R 10.00 verhoog vir beide Senior en gewone lede.

Bedryfsfonds:

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeur word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal in Oos Kaap se rekening of by die kampeiers.

SAWA Kentekens:

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR AFHAAL.

Van die SAWA Oos Kaap Bestuur.

